Werkkaart 2015-8𝒜J-00001(1)

(1) Bepaal die mediaan, modus en RG vir elk van die volgende stelle data:

(a) 1 ; 2 ; 2 ; 4 ; 2 ; 3 ; 4 ; 1 ; 3 ; 4 ; 5 ; 3 ; 1 ; 1 ; 1

(b) 112 ; 112 ; 121 ; 117 ; 113 ; 112 ; 117 ; 120 ; 117 ; 119

(2) Die RG van die volgende stel data is 56. Bereken die waarde van $x$.

47 49 51 51 63 85 $x$ 54

(3) Die aantal punte aangeteken per wedstryd vir die skool se rugbyspanne deur die ligaseisoen is as volg:

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 12 | 34 | 21 | 7 | 3 | 18 | 23 | 5 | 21 | 15 | 34 | 12 | 43 | 26 | 67 | 23 |
| 19 | 27 | 9 | 34 | 13 | 34 | 43 | 54 | 13 | 15 | 26 | 44 | 13 | 3 | 0 | 24 |
| 26 | 29 | 33 | 21 | 12 | 24 | 45 | 61 | | | | | | | | |

(a) Voltooi ′n frekwensietabel deur van die volgende klasse gebruik te maak:

0 - 9 ; 10 - 19 ; 20 - 29 ; 30 - 39 ; 40 - 49 ; 50 - 59 ; 60 - 69

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

(b) Bepaal die klasmiddelwaarde van elke klasinterval.

______________________________________________

______________________________________________

(c) Bepaal die modale klas vir die data.

______________________________________________

(d) In watter klas sal die mediaan voorkom?

______________________________________________

(e) Teken ′n histogram van hierdie data deur gebruik te maak van die klasintervalle soos in (a).

Teken ook ′n frekwensieveelhoek in op dieselfde grafiek as die histogram.

(Gebruik die grafiekpapier.)

(4) Die jaarlikse begroting lewer gereeld onverwagse verrassings op! Die onderstaande tabel toon sekere departemente se toewysings (bedrae word afgerond tot die naaste biljoen rand) vir die jaar 2010:

| Departement: | Toewysings: |
|---|---|
| Onderwys | 48 |
| Gesondheid | 24 |
| Gemeenskapveiligheid en Welsynsdienste | 20 |
| Polisie | 16 |
| Justisie | 4 |
| Landbou | 8 |

(a) Stel die bogenoemde tabel voor as ′n sirkeldiagram. Toon ook die persentasie toewysing aan op die diagram. ′n Duidelike sleutel word vereis!

(b) Watter departement het die hoogste toewysing?

___

(c) Indien die minister van Finansies verseker dat die Onderwysdepartement se toedeling jaarliks met ten minste 10% sal styg, bereken die minimum toewysing aan die Onderwysdepartement vir 2011.

___

___

___

(d) Watter persentasie van die toewysing soos in die tabel uiteengesit, is aan die Departement Gesondheid toegewys?

___

___

___


(e) Bepaal die verhouding van die bedrag toegewys aan die Departement Polisie teenoor die toewysing aan die Departement Justisie.

___

___

___

(5) Die volgende lyngrafiek toon die gemiddelde maandelikse reënval van twee dorpe aan. Bestudeer die grafiek en beantwoord die onderstaande vrae.




(a) Tussen watter maande toon die reënval van Dorp A ′n styging?

______________________________________________

(b) Tussen watter maande toon die reënval van Dorp B ′n daling?

______________________________________________

(c) Bereken die gemiddelde reënval vir Dorp A vir die eerste ses maande van die jaar. Indien nodig, rond jou antwoord af tot die naaste heelgetal.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

(d) Is Dorp B in ′n winterreënvalstreek of ′n somersreënvalstreek?

______________________________________________

(e) Indien een duim gelyk is aan 25 mm, bereken hoeveel duim reën tydens Julie aangeteken is vir Dorp B.

______________________________________________

______________________________________________